



# WILD



## KONTAK ONS

 [www.epol.co.za](http://www.epol.co.za)

 [info@epol.co.za](mailto:info@epol.co.za)

VOLG ONS   



# WILDVOEDING EN VOEDINGAANVULLINGS

In die natuurlike omgewing het wild 'n lae behoefte aan aanvullende voeding, omdat hulle kan rond trek na weidings wat aan hulle behoeftes voldoen. Wildboerdery het die prentjie aansienlik verander. Diere is nou beperk tot afgekampte areas en die feit dat sekere wildboerderystelsels 'n kalf per jaar verwag, het die gebruik van aanvullende voeding wanneer die natuur dit nie kan voorsien nie, genoodsaak. In die geval van diere wat in 'n boma of stal gevoer word, moet daar aan hul totale voedingsbehoefte voorsien word. **Epol** se wildvoerreeks is geformuleer om optimale hoeveelhede verteerbare proteiene, aminosure, minerale, spoorminerale en vitamieë te voorsien.

## ONS FOKUS

- Die aanvulling van nutriënt tekorte in natuurlike weiding.
- Die aanvulling en/of voer van wild in aanhouding (bomas, vendusiekampe, dieretuine).
- Om wild na besigtigingspunte te lok, en ook om hulle uit 'n sekere area te lok met die doel om weiding die geleentheid te gee om te herstel.
- Die gebruik van wildvoeraanvullings wanneer natuurlike weiding skaars is.

## VOERWENKE

- Voorsien voldoende, skoon water in vlak drinkbakke aangesien wildspesies sensitief is vir die geringste veranderinge in watergehalte.
- Verskaf vrye toegang tot hoë kwaliteit, smaaklike grashooi of lusern of 'n kombinasie daarvan, afhangende van die wildspesies se voedingsgewoontes.
- **Epol** se wild- of selfmengrantsoene moet geleidelik oor 'n tydperk van 4 – 5 weke ingefasseer word.
- Indien die voerinname riglyne (soos op bladsy 5) gebruik word, kan aangeneem word dat wild 65% van hul verteerbare proteïenbehoefte gedurende die droë seisoen op natuurlike veld/droë grashooi voorsien word.
- **Epol** wildkorrels moet nooit ad lib verskaf word nie. Dit sal verseker dat dominante of aggressiewe diere hul nie oorvreet nie.
- Aanvullings mag nie meer as 0,8% van die liggaamsgewig vir diere ouer as 100 kg wees nie. Dit is ongeveer 30% van die inname van droë materiaal van die dier en sal help om die vervanging van die natuurlike weiding deur voer te vermy. Verwys na die riglyntabel vir voerinname op bladsy 5.
- Mineraalaanvullings moet gedurende die jaar beskikbaar gestel word in die vorm van smaaklike sout/mineraallekke en geskikte waterbymiddels.
- Wildspesies wat onder spanning verkeer, kan onder parasietbesmetting swig, en behandeling met anthelmintiese medikasie moet deel vorm van die bestuurstrategie.

## AANPASSING BY VOER OM RUMENSIEKTES EN ROOIDERM TE VOORKOM

- Gras- en blaarvretende diere het 'n baie belangrike simbiotiese verhouding met die mikrobiiese fauna en flora in hul voorders. Dit is noodsaaklik om te verstaan dat die geringste verandering in die voor- of agterderm-omgewing 'n uiters negatiewe uitwerking op die diere se gesondheid, reproduksie en produksie kan hê.
- Alle diere moet by wildkorrels en selfmengvoere aangepas word na 'n tydperk van nie-gebruik (d.w.s. na die groen seisoen).
- Voeraanvullings begin met klein hoeveelhede en word dan geleidelik oor 'n 4 - 5 weke periode verhoog tot die gepaste teiken aanvullingsvlak.
- Sodra weidingskwaliteit verbeter moet voerallokasie verminder word volgens veranderde innames.
- Oorskakeling van een voer na 'n ander behoort geleidelik oor 'n tydperk van 5 weke te geskied. Vervang 1/5de van die ou voer deur nuwe voer in week 1 en dan in 1/5de verdere weeklikse aanpassings totdat die diere in week 5 slegs die nuwe voer vreet.
- Moenie in een seisoen van een soort voer na 'n ander oorskakel nie, dit kan rumenongesteldheid veroorsaak. Voer liever minder na gelang die gehalte van die veld verbeter.

## VERSKAFFING VAN KORRELS AAN DIERE WAT OP GROOTSKAAL IN OOP WILD-RESERVATE EN OP PLASE AANGEHOU WORD

- Voorsien **Epol Grazer 14** elke 2 – 3 dae aan diere wat op jag- of wildplase aangehou word.
- Voorsien voer in bakke, op 'n groot vervoerband of op 'n rotsagtige gebied waar die voer nie direk met die grond in aanraking sal wees nie. Die inname van grond verhoog die risiko van parasietbesmetting, wat kan lei tot die opbou van swaar metale in die diere of selfs derm-impaksie.
- As diere elke 2 – 3 dae gevoer word, sal daar verseker word dat geen individuele diere die voedingsplek oorheers nie en verminder die risiko dat diere siek word en moontlik van rumenverwante siektes soos asidose en rumenitis sal vrek.



# EPOL WILDSVOER PRODUKREEKS

<b>ANTELOPE 16</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Produksievoer vir alle wild, wat in intensiewe of ekstensiewe stelsels aangehou word, veral vir blaarvreter.</li> <li>• Geformuleer vir uitstekende melkproduksie, reproduksie, gesondheid en horinggroei.</li> <li>• Bevat organiese spoorminerale en vitamieni.</li> <li>• Geskik vir alle wildsoorte.</li> </ul>
<b>GRAZER 14</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gerig op die aanvulling van droë weiding of blare.</li> <li>• Geskik vir alle herbivoor wildsoorte.</li> <li>• Geformuleer vir optimale gesondheid, produksie, voortplanting en horinggroei.</li> <li>• Bevat organiese spoorminerale en vitamieni.</li> </ul>
<b>RHINO PELLETS</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wildkorrels met ekstra biotien en minerale wat spesifiek vir witrenosters geformuleer is.</li> </ul>
<b>GAME MACRO PACK 32%</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vir wildboere wat hul eie hoë gehalte wildvoer wil meng.</li> <li>• Bevat dieselfde hoë gehalte, klaargemengde mengsel as <b>Antelope 16</b>.</li> <li>• Geskik vir alle wild, veral blaarvreter en diere wat op grootskaal, insluitende in bomas, gehou word.</li> <li>• Meng as 'n aanvulling of semi-ad lib voer.</li> </ul>
<b>HERBIVORE ALL-IN-ONE</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Saamgestel uit natuurlike proteienbronne.</li> <li>• Hoë vlakke organiese sink.</li> <li>• Verhoog kondisietelling van bulle en ramme.</li> <li>• Verseker maksimum vrugbaarheid.</li> <li>• Gesonde fetale groei.</li> <li>• Verhoog melkproduksie.</li> </ul>

## PRODUK SAMESTELLINGS

PRODUK			ANTELOPE 16	GRAZER 14	RHINO PELLETS	GAME MACRO PACK 32%	HERBIVORE ALL-IN-ONE
WET 36 VAN 1947. REG. NO.			V30902	V30901	V26505	V28626	V22476
NAMIBIË			N-FF 3076	N-FF 3077	N/A	N-FF 4145	N-FF 4233
BESTANDDEEL	MIN/MAKS	EENHEID	HOEVEELHEID				
Vog	maks	g/kg	120	120	120	120	120
Proteien	min	g/kg	160	140	125	320	150
Proteien EX NPN	%	nvt	nvt	nvt	nvt	nvt	8.87
Vet	min/maks	g/kg	25 / 80	25 / 80	25 / 100	20 / n/a	25 / 70
Vesel	max	g/kg	200	200	200	160	200
Kalsium	min/maks	g/kg	10 / 12	10 / 12	10 / 12	26 / 30	10 / 12
Fosfor	min	g/kg	6	5.5	5.5	18.5	6
Vitamien E	min	mg/kg	250	100	100	nvt	nvt
Koper	maks	mg/kg	30	22.5	22.5	125	nvt
Ammoniumsulfaat	maks	g/kg	nvt	nvt	nvt	nvt	10

## RIGLYNE VIR VOERINNAME VIR ANTELOPE 16 EN GRAZER 14

Die onderstaande tabel bevat algemene voedingsriglyne vir **Antelope 16 & Grazer 14** in lyn met liggaamsgewig-kategorieë vir die beoogde spesie. Hou altyd voedingswenke, soos hierbo bespreek, in gedagte.

EPOL VOER	ANTELOPE 16 DAAGLIKSE VOEDINGSGIDS*		GRAZER 14 DAAGLIKSE VOEDINGSGIDS*		
	LIGGAAMSGEWIG (KG KOEI- / KALFEEENHEID)	VOER-HOEVEELHEID (KG)	LIGGAAMSGEWIG (KG)	KOEI-INNAME (KG)	KOEI- EN KALFINNAME (KG)
Baie klein	20 - 50	0.3 - 0.8	4 - 50	0.1 - 0.5	0.11 - 0.8
Klein	50 - 100	0.8 - 1.2	50 - 100	0.5 - 0.9	0.7 - 1.4
Medium	100 - 300	1.2 - 2.0	100 - 300	0.9 - 2.3	1.4 - 3.6
Groot	300 - 600	2.6 - 4.0	300 - 900	2.3 - 4.0	3.6 - 6.4

\* Spesifieke riglyne vir die inname van wilde diere kan gevind word by [www.epol.co.za](http://www.epol.co.za) of by u **Epol** tegniese adviseur.

### VOERINSTRUKSIES VIR ANTELOPE 16 EN GRAZER 14

- Koei/kalfeenheid: Inname vir 'n koei/ooi in laktasie (maand 1 - 3 van die kalf/lam se lewe).
- Ruvoer moet ad lib soos volg verskaf word:
  - Blaarvreters: hoë kwaliteit hooi tot lusern 1:2 verhouding
  - Gemengde vreters: hoë kwaliteit hooi tot lusern 2:1 verhouding
  - Selektiewe grasvreters: hoë kwaliteit hooi tot lusern 3-4:1 verhouding
  - Massa-grasvreters: hoë kwaliteit hooi.
- *Cubes* of pille - gebruik koei-inname waarde in bostaande tabel vir alle volwasse diere.
- Speenkalwers en groot kalwers lewer die helfte van die koei se waarde.

### VOERAANBEVELING VIR HERBIVORE ALL-IN-ONE

Voer as aanvulling teen maksimum 1% van liggaamsmassa en verskaf vars ruvoer ad lib.



## MENGINSTRUKSIES EN VOERINNAME VIR GAME MACRO PACK 32%

**Epol Game Macro Pack 32%** is 'n konsentraat wat met behulp van die onderstaande gids gemeng moet word. Die finale mengsel moet tesame met natuurlike weiding of goeie kwaliteit hooi (volgens riglyne in onderstaande tabelle) gevoer word.

BESTANDDEEL		EENHEID	AANVULLING*		SEMI AD LIB VOER*	
Mielies		kg	0	250	0	200
Hominy Chop		kg	250	0	200	0
Melassemeel		kg	120	120	120	120
Lusern (25 - 35 mm)		kg	320	320	300	300
Game Makro Pack 32%		kg	240	240	120	120
Grashooi/Hawerhooi (graanvry)		kg	70	70	260	260
Totaal		kg	1000	1000	1000	1000
Proteïen	min	g/kg	160	160	125	125
Vog	maks	g/kg	120	120	120	120
Vet	min	g/kg	25	25	25	22.6
Vesel	maks	g/kg	200	200	225	225
Kalsium	min/maks	g/kg	10 / 15	10 / 15	8 / 15	8 / 15
Fosfor	min	g/kg	6	6	3.8	3.8
Koper	maks	mg/kg	30	30	16	16
VOERINNAMES			Voer teen ≤ 1/3 van die totale inname van droë materiaal		Voer teen 2/3 van die totale inname van droë materiaal	
BALANS VAN INNAME	Grasvreters	Hoë kwaliteit hooi OF meng gras en lusern in 'n 4:1 verhouding				
	Blaarvreters	'n Mengsel van gras en lusern in 'n 1:1 verhouding				

\*Inname aannames

WILDSOORT	LIGGAAMSGEWIG (KG)	INNAME % VAN LIGGAAMSGEWIG
Klein	< 100	3 - 3.5%
Medium tot groot	100 - 800	2 - 2.5%
Groot	> 800	1 - 1.2%

## KONTAKBESONDERHEDE

### MEULE:

Berlin (043) 685 2111  
 Pietermaritzburg (033) 387 2460  
 Pretoria-Wes (012) 386 0469  
 Rustenburg (087) 365 0581  
 Vaalwater (087) 820 4580  
 Worcester (087) 365 6360

### VEEVOERDEPOT:

Estcourt (036) 352 3141  
 Pietermaritzburg (033) 397 1227



Kliëntediens: 086 177 7177  
 WhatsApp: 087 359 0476

#OnsIsRainbow

